mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** Bewegings van die *Journey*
**Titel:** Van Isolasie tot *Community*
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 23 Januarie 2011

---

"En hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid, en in die nag die gebed tot God deurgebring. En toe dit dag geword het, het hy sy dissipels na hom geroep, en 12 van hulle uitgekies wat hy apostels genoem het. En hy het met hulle afgeklim en op 'n gelyk plek gaan staan, en daar was 'n skare van sy dissipels, en 'n groot menigte van die volk van die hele Judea en Jerusalem, en die kusstreek van Tirus en Sidon af, wat gekom het om hom te hoor en van hulle kwale genees te word. En die wat gekwel was deur onreine geeste was ook genees. En hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid, en in die nag in die gebed tot God deurgebring."
***Lukas 6:12-13 & 17-18 (AOV)***

In die middel uwe was daar 'n klooster in Europa wat begin kwyn het. Op 'n tyd was daar honderde mense wat hulle lewe aan gebed en diens gewy het op hierdie plek, maar so met tyd het mense begin padgee en daar was net 'n klein handjievol mense oor in hierdie klooster. Hulle was baie bekommerd gewees, en die ou vader het gedink dat hulle uiteindelik die plek sal moet toemaak.
En op 'n dag het hy besluit om 'n kluisenaar te gaan besoek wat nie baie ver van die klooster af, in die woud op sy eie gebly het nie. Hy was bekend vir sy wysheid. Hy het hom gevind en vir hom gesê dat hy raad wil hê oor wat hy moet doen om die klooster weer te kan laat funksioneer, op te bou.
Die ou kluisenaar het gesê hy hoor hierdie stories van alle plekke af dat kerke begin leegloop. Kloosters begin toemaak. Hy het gesê dat hy dink die gees die mense verlaat het, en dat dit 'n nuwe tydperk is waarin hulle ingaan. Hulle het saam gehuil daaroor, gebid daaroor, en net voordat die vader loop het die kluisenaar vir hom gesê ek weet een ding, en dit is dat die Messias een van julle is.
En die ou vader is terug. By die klooster aangekom, het die ander broers vir hom gewag en gesê wat sê hy? Is daar iets wat ons kan doen, en hy het gesê nee, dit is iets wat orals gebeur. Dit lyk nie goed nie. Maar hy het hierdie snaakse ding gesê op die einde, die Messias is een van ons. Ek weet nie mooi wat dit beteken nie.
Daardie aand is hulle almal na hulle kamers toe, en elke een het begin dink oor wat dit kan beteken. Wie is die Messias tussen ons. Miskien is dit die vader. Hy het al vir dekades die leierskap van hierdie plek waargeneem, soveel opgeoffer gegee. Miskien is dit broer Thomas, hy is bietjie lui, maar jong hy is altyd daar.
Miskien is dit Anthony, hy is altyd reg. Hy praat nie baie nie maar as hy iets sê dan kan jy luister. En so het hulle almal begin gis, nou maar ek wonder wie is dan die Messias hier tussen ons wat ons gaan red.
Hulle houding teenoor mekaar het begin verander. Die enkelinge wat die klooster besoek het, het 'n heel ander atmosfeer by die plek opgetel. Dit was nie lank nie, as of al hoe meer pelgrims het die plek kom besoek vir gebed en vir geestelike begeleiding. En so het daardie klooster weer begin funksioneer.
Dit is 'n storie wat in monistiese kringe oorvertel word. En as jy dink oor hierdie storie dan wonder ek wat sê hy vir ons. Sê hy vir ons dat ons wêreld sal verander as ons anders kyk na mense? Sê die storie vir ons dat dit wat ons nodig het is nie goed van buite af nie, die goed wat ons nodig het is in ons, dit is by ons.
Sê hierdie storie vir ons dat daar in elke mens groot potensiaal in opgesluit is, en dat ons dit in ander moet raaksien. Dit is natuurlik alles goed wat Jesus geleer het en gemoduleer het.
In Lucas 6 wat ons vanoggend gelees het sien ons hoe Jesus die nag in gebed deurbring. Hy is besig met die Vader. Die volgende oggend kom hy af en hy kies 12 dissipels. Hy vorm 'n 'community' en saam met hulle gaan hy die middag laat en preek en leer en bedien die mense.
So dit is drie groot bewegings wat ons kan waarneem in Jesus se lewe, na die Vader toe, na mekaar toe, na die wêreld toe. Dit is 'n model. Dit is 'n patroon. Dit is 'n manier van lewe. Dit is 'n patroon waaraan elke een van ons, ons pad moet vind. Jy weet daar word nie vandag meer baie van patrone gepraat nie. Ek onthou toe ek 'n kind was, was dit 'n groot gesprek by vrouens as hulle bymekaar kom. Wys my jou nuwe patrone. Waar het jy hierdie patroon gekry, en dan ruil hulle uit ondermekaar.
Dit gebeur nie meer – wel ek sien dit nie meer vandag gebeur nie. Ek weet nie of ons net arm was daardie tyd of hoe dit gewerk het en die vrouens hulle eie rokke moes maak nie, maar die interessante ding is dit maak nie saak wat jou vorm was of jou 'size' was nie, jy kan in daardie patroon pas. Op een of ander manier kom jy daar in.
En dit is iets soos die lewe van Jesus. Dit is nie dat ons almal nou presies dieselfde gaan word en eenvormig gaan wees nie. Ons behou ons individualiteit maar ons pas in hierdie patroon van die lewe van Jesus in. Jesus is die weg. Op hierdie manier is hy die weg vir ons. Dit is ons lewe. Daar is drie groot bewegings, en natuurlik drie groot dissiplines vir elke een van hierdie beweging. Om die beweging na God toe tot stand te bring sonder jy jouself af. Afsondering 'solitude' is die groot dissipline.
Vir die beweging na mekaar toe is dit bymekaar kom. Daar kan nie 'community' tot stand kom as ons nie bymekaar kom nie. Vir die beweging na die wêreld toe is dit diens, deur die gawes wat jy ontvang het te gee aan

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

ander. Drie groot bewegings. Dit is fisiese maar ook innerlike bewegingings. Dit is geheel mens bewegings. As jy afsonder is dit 'n fisiese verplasing wat plaasvind, maar daar is ook 'n innerlike handeling in aksie wat daarmee gepaardgaan, wat belangrik is sodat afsondering kan plaasvind. Dieselfde moet bymekaarkom, die selfde moet diens. Al drie hierdie bewegings is belangrik.
Ek dink dat ons vandag uitgedaag is, in die wêreld en die tyd waarin ons leef, om werklik te glo dat dit die christen lewe is, en dat dit is wat die christen lewe behels.
En ek dink veral as die by 'community' kom is ons uitgedaag. 'Community' is daardie beweging waarin jy jou lewe diep deel saam met ander mense terwyl ons agter Jesus aanloop. Dit is wat die dissipels gedoen het. Jy deel jou lewe diep saam met ander mense terwyl jy Jesus volg.
Ek dink 'n goeie definisie van 'community' is miskien Mathews 18, 20 wat sê "waar twee of drie in my naam vergader daar is ek in hulle midde". Die Here is orals. Hoekom sê hy dan nou as julle in my naam bymekaarkom daar is ek? Daar is 'n nuwe kwaliteit en aard wat tot stand kom as daar 'n intensionaliteit is rondom Jesus.
Met ander woorde wat ek probeer sê is dit is anders as vriendskap. dit is anders as 'n sosiale klub. Dit is anders as 'n taakgroep, 'n 'community is 'n plek waar ons ons lewens diep deel rondom Jesus, en hy op 'n besondere manier dan in ons midde is en in ons midde werk. Ek dink baie min mense ervaar 'community' vandag. Min mense ervaar dit. Ek dink dat daar vir die eerste beweging en die laaste beweging 'n baie groter affiniteit is vir die tyd waarin ons leef. Ek dink spiritualiteit is hoog.
Mense – ek kry nie eintlik mense wat sê ek honger nie, na 'n groter sin in die lewe, na 'n diepere betekenis. Daar sit iets verlange by ons. Dit is nie dat ons, in die wêreld waarin ons leef daar 'n groot ongeloof is rondom God nie, ek dink daar is 'n God. Daar is 'n 'design', daar is iets, en ek soek daarna, ek wil 'connect' daarmee. En ons wil iets doen met ons lewens. Ons wil sinvol, betekenis lewe en iets tot stand bring met ons lewens. Die uitdaging is hier in die middel waar dit moet gebeur, saam met ander mense, dit is die patroon van Jesus. Dit is sy spiritualiteit. Dit is nie 'n individualistiese onderneming nie.
As hy jou roep dan kom jy agter ek is nie alleen geroep nie, ek is geroep saam met ander mense om my lewe saam met hulle te deel. Dit is 'n groot uitdaging vir die tyd waarin ons lewe. As gevolg van individualisme, verbruikersgeoriënteerdheid is daar, wat kan – hoe kan jy my help. Ek weet ek het mense nodig maar dit is iets anders, u verstaan.
Om mense te kry wat jou kan help sodat jou drome kan waar word is heeltemal iets anderste as om jou lewe diep saam met mense te deel wat Jesus volg, en saam met hulle hom te volg. Dit is iets anders.
Vanmôre, miskien vier kering begrippe wat kan help om beter te verstaan wat is 'community' en hoe kan 'community' tot stand kom. In die eerste plek afsondering. Jesus sonder die nag af, en die volgende oggend vorm hy 'community'. Henry Knowens sê "community is solitude greeting solitude". Dit is afsondering wat by afsondering bymekaarkom. Die beweging na 'community' vind plaas vanuit afsondering.
Wat beteken dit? Om jouself af te sonder beteken om jouself te verplaas, fisies emosioneel jou af te sny van alle stimulasie. Bedoelende sosiale, met ander woorde kontak met ander mense, intellektuele boeke dalk, van die rekenaar, van die telefoon, van enige vermaak of stimulasie wat jou pad langs kan kom, jy sny jouself af daarvoor. Jy gaan in jou binnekamer om 'n idioom en 'n uitdrukking te gebruik van Jesus, en jy sluit jou deur. Jy sny jouself af vir 'n tydperk. Met watter doel?
Dit help om te fokus op God. Om jou totale aandag aan God te skep. Deur dit te doen gaan jy op 'n innerlike reis. Dit is hoe die 'inner journey' kan begin. Jy gaan in stilte in, eers rondom jou, buite jou, sodat jy kan stil raak aan die binnekant. Dit is natuurlik nie 'n maklike beweging om teweeg te bring nie, want die oomblik wat jy dit doen word jy gekonfronteer met jouself. Die agtergrond emosies van frustrasie, aggressie, depressie waarmee jy leef kom skielik na die voorgrond toe, en dit is natuurlik nie lekker om dit te voel nie, en dit in die gesig te staar nie. Om agter te kom wat in jou kop aangaan is baie keer nie 'n lekker – jy weet 'n 'monkey mind', jy weet Chris Chamaeleon sing die liedjie van die bobbejaantjie kie en die kop wat rondhardloop nè. Jy kom agter maar ek is nie so nigter nie, in my denke nie.
Dit is so deurmekaar, dit is so besig, ek moet dit doen, ek moet nie vergeet van dit. Ek wonder hoekom het daardie ou dit – as ek daardie ou in die hande kry. Dit is nie aangenaam om met dit te sit nie. So die eerste ding wat ons baie keer doen as ons na hierdie plek toe gaan is oombliklik pad te gee en dan weer uit te reik na stimulasie toe, Twitter, Facebook, bel net gou, maak net kontak. Kyk 'n fliek, stimuleer, 'entertain' my, vat my weg van myself af. Nou hier is die ironie. Jy kan nie met jou – jy kan nie jouself 'face' nie. Jy kan nie tyd met jouself deurbring nie, maar dan gaan jy met daardie toestand na ander mense toe en dan moet hulle jou geniet.
Dit is moeilik. Wat doen ek met hierdie goed? Dit is hoekom baie mense is vandag totaal afgesny van hulleself. Hulle ken nie hulleself nie. Dit is hoekom 'community' nie kan plaasvind nie, want in 'community' ontmoet ek jou, maar as jy nie by jouself uitgekom het nie, jy is nie in kontak met jouself nie, dan ontmoet ek net 'n masker, ek ontmoet jou nie. Al wat ek ontmoet is die nuutste stimulasie waarmee jy te doen gekry het. Het jy gehoor. Het jy gesê, en die mees interessantste ou is die ou wat die beste 'resources' timmer. Dat hy jou die nuutste informasie kan weergee, en jy boots net emosies na maar jy weet nie wat jy voel nie. Jy weet nie wat jy dink nie. Jy het nie waargeneem nie. Jy het nie gekyk na jouself nie. Jy weet nie wat in jou aangaan nie. Dit is hoekom daar nie ware, diepe outentieke ontmoeting kan plaasvind as jy nie in afsondering is nie.

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die ander groot ding in afsondering is natuurlik dat jy ontmoet nie net lelike goed nie, in jou, in jou hart, in die senter van jou diepste wese is God teenwoordig. Hy woon in jou. Jy is sy tempel.

1 Korintiërs 16 is een van die tekste van die Bybel wat my, as ek hom lees dan voel ek, ek lees hom al hoe sagter. Dit is 'n misterie. Hy wat die Here aanhang is een gees met hom, wow. Jy ontdek dit, en jy sal, hier in jou diepste van jou binneste, in jou hart, dit is waar jou liggaam, jou denke, jou wilde emosies, dit is waar die funksies, die persoonsfunksies bymekaarkom is jou senter, is jou hart. Daar sal jy 'n stem hoor wat vir jou sê jy is my kind en ek is lief vir jou. Dit is wat Romane 8 vers 16 sê, "the holy spirit speaks to us deep in our hearts, and tells us we are the children of God". Moet onderskei, want as jy op hierdie innerlike reis gaan, gaan jy baie stemme hoor. Jy gaan stemme hoor van jy is nie goed genoeg nie. Jy gaan stemme hoor van gee op. Jy gaan baie stemme – dit kry uitdrukking in 'n gevoel hierdie stem in jou lewe.

Maar daar is 'n ander stem wat vir jou sê jy is oukei, en jy moet daardie stem hoor. Jy moet hom duideliker hoor, en dit is hoekom ons in afsondering gaan, om dit te kan onderskei, dit te kan hoor in jou lewe. Want as jy dit nie hoor nie dan gaan jy na die 'community' toe, dan sê u vir hulle sê vir my ek is oukei asseblief. Dan loop jy, want dit is 'n diep behoefde in elke een van ons. Dit is hoe ons gemaak is. Ons smag na aanvaarding, na erkenning, elke een van ons, en as jy na 'community' toe gaan dan gaan jy 'community' moeg maag. Jy gaan ontnugter word, jy gaan dit nie kry nie want hulle gaan dit nie vir jou gee wanneer jy dit nodig het nie.

Op die tye wat jy dit die nodigste gaan hê om te hoor jy is fantasties, gaan jy dit nie kry nie, en jy gaan dit nie genoeg kry nie. Jy gaan ontnugter wees, teleurgesteld wees in 'community' want jy kan net na 'community' toe gaan as jy die stem gehoor het, jy is my geliefde kind in wie ek 'n...

Ons lewe is 'n groot balans tussen alleenwees en saamwees. 'n Wonderlike boekie oor, die [00 17] wat vir geloof betaal het met sy lewe tydens die Nazi regering, Hitler hulle, het 'n boekie geskry 'living together' wat hy hierdie hele balans en dans tussen alleenwees en saamwees beskryf. Hy sê as jy nie kan alleen wees nie dan kan jy nie saam wees nie. As jy nie kan saam wees en luister na jou broer nie gaan jy ook nie kan luister na God nie. Ons lewe is inmekaar geweef. Maar ek het 'n vermoede dat die meeste van ons ongebalanseerd is, en dat die meeste van ons 'n geweldige aktiewe lewe leef en nie genoeg alleen 'solitude' in ons lewens het nie, en ons nie die lewe diep ooit sal leef en nooit in 'community' sal kan gaan nie, omdat daar nie genoeg afsondering in ons lewens is nie.

Die tweede groot ding is eerlikheid. As jy dit ontdek het, jy het dit, dan kom jy van 'n plek af waar jy dit kan deel met ander ook. Outentieke selfontsluiting moet plaasvind. Dit beteken dat ek die gebrokenheid, die stukkendheid, die eensaam – dit wat ek ontdek het in my binneste, dit is met dit waarmee ek ook 'community' toe kan gaan, en ek is in kontak met my pyn.

Jy weet so nou en dan, dan kom iemand en sê hulle ek het nooit geweet nie, daar is fout met daardie ou. Daar is fout met almal. Daar is fout met jou ook. Ons almal is bietjie koekoes, party ouens is net meer as ander, is net erger as ander, en baie van ons dink dat die christen lewe is 'n ontkenning van hierdie 'shadow' waarmee ons leef. Dit is presies die teenoorgestelde. Dit is 'n kontak wees, ons voel dit gaan my sleg laat voel. Ek wil nie – die Here wil mens mos laat lekker voel. Ek voel nie lekker daaroor nie. Dit kan definitief reg wees nie. Kry dit uit jou lewe uit.

Nee, deur dit te voel en dit te aanvaar werk jy daarmee. Dan kan daar genesing kom. As jy jou ontken gaan hy uitspring en uitpop op lelike plekke in jou lewe. Dit is wat Jesus gesê het, en daarom sê hy omhels hom. Hy vertel van die gelykenis van die saad nè, van die koring en die onkruit. Hy sê moet nie net die onkruit ontken en weg – jy gaan goeie goed saam met dit uittrek, lewe met dit. Sit met die.

Baie van ons voel maar ek kan nie dit aanvaar nie. Jy moet dit aanvaar, en dan kom jy, en dan dan deel jy dit. Dit is waarmee 'community' gevorm word. 'Community' word nie gevorm as ons bymekaarkom en vertel hoe goed is ons en hoe sterk is ons nie. Dit bevorder nie 'community' nie. Dit is ons gebrokenheid, dit is ons pyn, dit is dit waarin die 'community' gevorm word en bymekaargebring word.

Jacobus 5:16 sê bely mekaar julle misdade, en bid vir mekaar sodat julle gesond kan word. Dit is interessant. Dit is nie in die Katolieke Bybel nie, dit is ons Bybel daardie. Bely mekaar julle – het jy al jou sondes bely teenoor 'n ander persoon, en hy koppel dit direk aan gesond word. As jy dit nie doen nie kan jy nie gesond word nie.

Hoekom doen ons dit nie? Wel ek dink die eerste ding is wat gaan hy van my dink as ek dit vir hom sê. Hy gaan my 'judge' dan gaan hy dink ek is nie oukei nie, en dan, ek is baie bekommerd, daar is my geheim uit, en sê nou hy vertel dit vir ander mense. Dit is nie 'n veilige plek nie.

Met ander woorde die aard, en wat nodig is, is veiligheid. 'n Plek van aanvaarding dat jy kan oop wees, jouself wees en ook jou kwesbaarheid op die tafel kan sit, en nie geoordeel word daarvolgens nie. Aanvaar word. Dit is 'n groot vereiste om in 'community' te kan gaan.

En natuurlik is die groot uitdaging om met dit te sit, en met dit te leef, en van die eerste goed wat gewoonlik gebeur as jy dit doen, is dat die redders kom na vore, die ouens wat uitoefen. Nee, nee, die Bybel sê hoe kan jy dit dink en dit voel die Bybel sê en so, of kom ons dryf gou die duiwel uit, maak alles reg hierso, want ons kan nie met die gebrokenheid deel nie. Ons kan nie met die chaos en met die onsekerheid van gebrokenheid sit nie. Dit moet dadelik opgelos word en onslae van gemaak word.

Maar dit is wanneer ons met dit leef, dit is wanneer ons die vraag leef wat die betekenis is van dit. Dit is dan wanneer die groei kan plaasvind. Dit is dan wanneer die transformasie in ons lewens plaasvind.

© Mosaiek

Jy weet jy hanteer nie emosies deur dit te ontken nie. Jy hanteer die emosies deur hulle te voel. Ek meen as iemand doodgaan wat doen jy, drink 'n pilletjie, hardloop, raak besig, is dit hoe jy 'n dood verwerk van iemand, of moet jy gaan sit en rou. Moet jy kwaad word? Moet jy blameer. Ja, ja, jy gaan deur dit. Voel daardie goed. As jy daardie goed voel dan gaan dit uit jy sisteem uit, en dan vind jy uit die lewe begin stadig weer na my toe terugkom. Maar dit is wat Jesus gesê het. Salig is die wat treur want hulle sal vertroos word. Jy sal bly raak as jy kan treur. As jy nie gaan treur nie gaan jy nie kan bly raak nie. Dit is wat Jesus gesê het. Dit is hoe ons aanmekaargesit is. En ons kan nie met dit – ons wil nie met dit leef nie.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

En onthou jare gelede was ek deel van 'n mans groepie, 15 jaar of wat terug, en ons het Woensdagoggende 05:00 bymekaargekom om te bid. Dit was 'boring'. Ons het bymekaargekom en ons het net 'muscles' gewys. Die Here is so goed vir my, ek het nou weer hierdie 'deal' gekry en ek het hierdie insigte, en ek het hierdie boek gelees, en alles is net fantasties. En so die derde week of so toe voel ek jus nee, ek offer elke Woensdagoggend my fietsry op om gemartel te word in hierdie sessie. Ek gaan bedank en vir hulle asseblief verskoon my, en ek hoop nie hulle vra my hoekom nie. Ek wil nie sê hoekom nie maar ek gaan net.

Ek kom toe die oggend daar, en toe ek die oggend daar kom toe sê die lyer van die groep ekskuus julle, ons kan nie vanmore 'n groepie hou nie. Ek het 'n vreeslike nag gehad, my kind het nie huistoe gekom nie. Ek en hy het woorde gehad, hy is baie rebels, hy is nou matriek, ek kan nie huishou met hom nie, en ons is op 'n baie slegte plek. Verskoon, ons kan nie groepie hou nie, julle moet huistoe gaan.

Die eerste keer is daar bietjie 'excitement' in die groep. Ek sê maar ons kan nie huistoe gaan nie, ons gaan vandag 'n ordentlike, ons gaan vandag die beste byeenkoms hê wat ons nog ooit gehad het. Dit is hoekom ons hierdie groep mos hou is dit nie, is dit nie vir 'community' nie? Is dit nie dat ons bymekaar moet kom nie? Hy sê ja, maar jus, ek wil julle nou nie opsaal met my probleme nie. Nee sê die ander ou, ek het ook 'n probleem met my vrou. Dit gaan nie goed nie.

Skierlik het almal probleme in een week, want ons was die wonderlikste groepie, ons was heilig, ons was 'committed', ons het alles gehad. Dit was net wonderlik hoe geseënd ons was. In een week loop alles skeef met al daardie manne, en ons is almal stukkend die volgende week, en ons almal het stry, en dit is die eerste keer wat 'community' begin vorm met daardie groepie.

En natuurlik kom daar chaos, want die een ou voel toe nou dadelik ongemaklik en hy gaan ons red, en hy haal net tekste vir elke ou daarso uit, 'n teks pilletjie vir elke outjie, drink net hierdie pilletjie, gryp net hierdie teksies, bely net hierdie ding jy weet, dan gaan alles opgelos word dat ons weer kan teruggaan na waartoe ons was. 'Save your community'.

Soos die tannie hier van Heidelberg af wat ek ken maak sulke Afrikaanse woorde op, sy praat van skynsheilig. Kom ons gaan terug na ons skynsheilige houding toe. Dit is gemaklik daar. Alles is oukei, niks is ongerieflik nie. Nee, kom ons gaan in die chaos in, kom ons vat – kom ons omhels die 'messiness' van ons 'brokenness' van waar ons is met die lewe want hier kan iets gebeur. Nou kan 'community' plaasvind. Nou kan ons diep 'connect' met mekaar.

Ek wil sê, maar dit is gewoonlik nie 'n groot probleem nie, dit is 'n uitsondering, dat party nie 'n aanvoeling het van wat hulle moet deel ek hoe hulle moet deel nie. Die 'community' is nie 'n asblik nie, baie kom uit eensaamheid uit. Jy moet van afsondering kom. Dit is 'n ander plek as eensaamheid. Om alleen te wees beteken nie noodwendig dat jy eensaam is nie. Baie mense kom om ontslae te raak van hulle eensaamheid in 'community'. So neem my eensaamheid asseblief weg vir my. Dit is nie na goeie verwagting om na 'community' mee te kom nie, want jy gaan weer ontnugter word. Want jy kom nie vir daardie rede nie, en dan kom hulle, en dan dink hulle as ek myself ontsluit, as ek hulle alles sê wat in my aangaan, alles van – my hele binneste net blootlê dan gaan my eensaamheid verdwyn.

En natuurlik vind jy net 'n verwerping as jy dit doen. Effisiers 4:25 sê Paulus ons moet die waarheid en liefde met mekaar deel, en liefde beteken dat dit op die regte tyd, op die regte manier, op die regte plek, met die regte persoon sal plaasvind tot die regte mate. Dit beteken nie net hoe ek alles, gooi ek net hier uit op julle skote nie. Op daardie manier verloor u die miserie van jou bestaan en van jou unieke mens wees, en jy kry nie 'community' nie.

Die ander belangrike ding wat dan nou natuurlik saam met hierdie ding gaan is vergifnis. Vergifnis, want in 'community' gaan jy ook seerkry. Daar is altyd 'n Judas, daar is altyd 'n Judas, en daar is altyd 'n Petrus. Daar is altyd 'n ou in die 'community' wat jy eindeloos gaan irriteer.

Hy is jou hemelse klip in die skoen wat jou gaan skaaf. As dit net nie vir daardie ou is nie. Maar dit is die aard van 'community', dat jy gaan ontdek maar hulle is nie volmaak nie. En die groot ding is natuurlik die ontnugtering wat in 'community' gebeur, en in 'community' plaasvind. Dit is nie die Here nie, hy is net 'n mens. Hy is gebroke. Elke een in die 'community' is gebroke, en dit is die probleem van 'n 'community', jy kan nie jou 'shadow' wegsteek as jy in 'community' leef nie, hy wys. Een of ander tyd wys hy.

En dit is natuurlik daardie oomblikke wat 'n 'community' diep uitgedaag word, wat gaan ons doen met die skadukant wat jou gewys word, vergewe, vergewe.

© Mosaiek

Kyk, as jy met verkeerde verwagtinge ingaan dan loop en verlaat baie mense die 'community' omdat hulle voel maar hierdie 'community' is nie heilig nie, hy is nie goed genoeg nie. Dit is natuurlik die verwagting waarmee baie mense – neem my eensaamheid van my af weg.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek weet van 'n ou wat vir my vertel het dat hy – nie vir my vertel het nie, hy het vertel toe hoor ek dit, ek ken hom, dat hy in 'community' ingegaan het en diep ontnugter was, die 'community' is nie diep genoeg nie. Die mense is nie eerlik genoeg nie. Die mense 'care' nie genoeg nie, op hierdie plek nie, hulle is te besig, en hy gekla by die leier, en die leier het vir hom gesê ek daag jou uit om met hierdie probleem en irritasie waarmee jy sit, te 'journey' in terapie.

En na drie weke toe sê sy terapeut vir hom wat jy soek, 'what you are looking for is a lover not a community'. Jy probeer hierdie goed in die 'community' kry, dit is nie waarvoor – kyk, jy gaan dit nie in die 'community' kry nie. So daar kom 'n tyd van ontnugtering. Mense kan nie vir jou gee wat jy regtig nodig het nie. Ek meen in die huwelik is dit presies dieselfde. Ek meen as jy – jy weet en partykeer dan begin my hart so te klop, ek voel so benoud as hulle trou partykeer want ek sien hoe hulle na mekaar kyk. Ek sien watse verwagtinge is daar van mekaar.

Kyk hulle is mos nie by hulle volle positiewe as hulle daar staan nie. As julle bloed trek, dit is nou regtig, dan kry jy goed in hulle bloed nè, wat net in verliefde mense se bloed is. Jou brein skei goed af, en sê dit is 'n 'conspiracy' sodat die menseras kan voort bly bestaan anderste gaan ons nie aangaan met hierdie ding nie.

Hulle het hierdie verwagtinge, jy gaan my eensaamheid wegneem. Jy gaan my gelukkig maak want dit is hoe ek nou voel. Maar ongelukkig, ek weet nie hoekom nie, hou die brein net nie aan met daardie goed nie. Ek meen ek dink die oomblik as jy jou skoonma ontmoet dan is helfte minder van daardie goedjies vrygestel.

En dan begin dit, dan is dit hy het so verander. Nee, jy het ook so verander. Die goedjies werk nou uit, die dopamien en al hierdie goedjies wat die brein afskei werk nou uit. En dan probeer ons partykeer pille drink om dit weer en dit peper so bietjie vir so rukkie maar dan werk dit ook weer uit, dan is dit wat het nou verander. Dit is jou verwagtinge, hy kan nie vir jou alles gee wat jy nodig het nie. Die Here het jou gemaak met hierdie diep behoefde na hom. Nou dink jy, jy gaan dit kry by hierdie mense, jy kan dit nie by hierdie mense – so ek moet jou vergewe dat jy kan nie vir my alles gee wat ek wil hê nie. Geen mens kan vir jou alles gee wat jy wil hê nie, net God kan. So ons gaan dieselfde na 'community' toe. Ek moet jou vergewe. Ek moet laat gaan. Ek kan dit nie kry, alles wat ek wil hê by jou nie. Ek is geskok en my vertoue wat ek in jou gestel het, my hoop, my verwagting, hoe ek na jou gekyk het, maar ek verstaan. Ek vergewe, ek laat dit gaan.

Laaste ding, en dit is nie net negatief nie, daar is wonderlike goed in die 'community' ook. Daar is aanvaarding. 'n Diep, diep behoefde in ons nè, is om te weet daar is mense wat alles van my af weet en hulle sê ek is nog oukei, hulle verwerk my nie. Jy kry dit. Mense wat in jou glo. Mense wat sê ek sien in jou, ek dink jy het iets van die Messias in jou hoor. Daar is gawes in jou.

Kyk, hulle – daar is 'n pylike deel ook. Hulle verlos jou van die 'idle' sindroom. Kyk die ouens wat so sê, ek sing goed, dit maak nie saak wat julle dink en sê nie, julle sal my CD nog koop eendag jy weet, dit is ouens wat nie in 'community' is nie. 'Shame', niemand vir daardie ou. Hy het nog nooit gehoor by iemand dat hy nie kan sing nie. Hy, solo gaan hy so deur die lewe. Hy het 'n valse 'community' by sy huis, mamma sê ou Pietie, jy het so wonderlike stemmetjie man, niemand kan daarna luister nie. Daar is nie 'community' nie.

In 'community' kom jy agter wat het ek, wat is ek. Ek word uitgeroep in jou binneste, daar word in jou geglo. Jy word aanvaar. Christus kom na jou toe deur die ander mense. Weet jy hier is vanmôre van ons wat so 'n groot behoefte en 'n nood het, en net 'n paar sitplekke van jou af sit jou Messias, Jesus wat na jou toe wil kom deur die gawe van lering wat hy vir daardie persoon gegee het. Deur die gawe van berading, deur die gawe van hoop, deur die gawe van bemoediging wat hy vir daardie persoon gegee het.

Maar omdat jy jou lewe nie kan oopmaak vir ander mense nie, kan die Here jou nie bedien deur sy gawes wat hy vir die mense gegee het nie, want dit is hoe die Here na ons toe kom, en ons ontdek 'n hele nuwe wêreld gaan vir ons oop. Ons sien soveel goed van die Here raak deur die ander mense dop te hou, deur hulle te leer ken en te sien hoe werk God in ander mense ook.

Jacobus sê 'you can have a healthy, robust community, that lives right with God and enjoy its result only' daar is 'n groot 'result' van 'n 'community', 'only if you do the hard work of getting along with each other, treating each other with dignity and honour'.

As jy in 'community' lewe is jy nie gelukkig nie. 'You have done some hard work'. Dit help nie, 'community' word nie georganiseer nie. 'Community' kan nie vir jou gegee word nie, jy moet dit skep. Wat ons kan doen is om geleenthede te skep. Kyk 'community', party van ons is baie gelukkig, ons huise word 'n plek van 'community', ons gesin word 'n plek van 'community'. By die kerk klein groepe kan 'n plek van 'community' – jou werk, daar is soveel plekke en maniere, jou herstel groep, die AA, 'a recovery group' word 'n diep 'community' as hulle vir agt weke hulle gebrokenheid en hulle pyn neersit en dit word saamgedeel. Maar dit is die plek waar jy gevorm word, gemaak word, diep in die lewe van Jesus begin. Kom ons bid saam.

Vader, ons dank u dat ons kan saamwees vanmôre. Dankie vir die lewe wat u vir ons gegee het, gewys het. Help ons te kan sien. Help ons om hierdie bewegings te kan vleg. Help ons om te kan afsonder. Help ons om diep te kan konek met mekaar. Help ons om dit wat u vir ons gegee het te bied en te gee deur ons lewe. Vir die van ons

wat vanmôre in groot pyn is, vir die van ons wat vanmôre 'n groot behoefde het, en 'n diep honger en losgemaak is na 'community', help ons Here. Ons vra dit in Jesus se naam, Amen.
Mag die gemeenskap van die heilige gees met jou wees en bly, Amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

© Mosaïek

die kuns van lewe!